

Die antichris as vals nabootser van Christus (OP7)

Openbaring 13:1-10

30 Augustus 2020

Laasweek in ons bestudering van Openbaring 12, het ons geleer van die groot vuurrooi draak, d.w.s. die slang van ouds, die duiwel of satan, wat aanvanklik die Seun wat uit die vrou gebore sou word, wou verslind. Toe hy nie daarin suksesvol was nie en die geveg in die hemel verloor het en uit die hemel gegooi is, het hy sy woede begin toespits op die vrou, d.w.s. die kerk. Maar ons het ook gesien dat God die kerk bewaar in die woestyn (d.w.s. die wêreld waarin sy leef) deurdat Hy vir haar arendsvlerke gee, vir haar in die woestyn 'n spesifieke plek gereed maak, en deurdat die aarde die stroom water opsluk wat die slang agter haar aanspoeg. Al met al moet ons uit hierdie hoofstuk verstaan dat die woede van die gefrustreerd draak op die kerk gemik is, maar God gebruik dit juis om Homself aan die vrou te openbaar en op te bou.

Wat ons in hoofstuk 13 leer is dat die draak nie op sy eie werk nie. Hy het medewerkers, in hierdie hoofstuk leer ons van twee medewerkers: die dier uit die see (vs 1-10) en die dier uit die aarde (vs 13-18). Ons kyk vandag net na die dier uit die see.

Die dier uit die see wat in Op 13:1-10 beskryf word, is niemand anders nie as die antichris(te), en soos die term antichris sê is hy natuurlik die antitipe van Christus. Ek wil dus die volgende indeling volg:

- Beskrywing van die dier uit die see (antichris)
- Vergelyking van die dier uit die see met Christus
- Implikasies vir ons

Beskrywing van die dier uit die see (antichris)

Volgens Op 12:8 het die draak, die duiwel, op die seestrand gaan staan. Daarna het Johannes gesien hoedat daar uit die see 'n dier na vore kom. Die dier uit die see en die draak is dus nie dieselfde wesens nie. In Jes 17:12-13 lees ons hoedat opstandige volke beskryf word as die onstuimige see, of magtige groot waters. Hierdie dier uit die see kom uit hierdie opstandige, goddelose volke.

Ons lees dat hierdie dier 10 horings het, 7 koppe en 10 heerserskrone dra. Op hierdie stadium moet dit vir ons bekend klink. Laasweek het ons in Op 12:3 gelees dat die draak ook 10 horings en 7 koppe gehad het, maar hy het 7 heerserskrone gehad (teenoor die 10 van hierdie dier). Wat ons hieruit kan aflei is dat hierdie dier uit die see waarskynlik 'n noue verbintenis het met die draak. Laasweek het ons gesê die draak se heerserskrone is sekerlik 'n aanduiding dat hy gesag het – ja, ons verstaan dit is beperkte gesag, en dis gesag wat vir hom gegee is – maar dit is gesag. Dieselfde moet nou waar wees van die dier uit die see.

Verder lees ons dat hierdie dier godslasterlike name op sy koppe het. Duidelik is hierdie dier ook in opstand teen God – soos wat ons laasweek gesien het die draak was.

Vers 2 beskryf dat hierdie dier soos 'n luiperd gelyk het, maar sy pote was soos 'n beer se pote en sy bek soos 'n leeu se bek. Om dit te verstaan moet ons teruggaan na Daniël 7:1-7. Hier het Daniël in 'n droom 'n visioen gesien. In hierdie visioen het 4 diere uit die see gekom – soos die dier hier in Op 13. Die eerste dier het soos 'n leeu gelyk, die tweede soos 'n beer, die derde soos 'n luiperd en die vierde was anders as die ander drie – hy het 10 horings gehad, juis soos die dier uit die see. Wat Johannes in Op 13 sien is m.a.w. 'n dier wat al vier die diere van Daniël se visioen integreer. In Dan 7:17 word vir ons verduidelik wat die 4 diere voorgestel het: hulle is 4 koninkryke wat mekaar sou

opvolg. As ons nou onthou dat Daniël geleef het tydens die Babeloniese ballingskap, sou mens ver wag dat die eerste dier die Babeloniese ryk was, die tweede die ryk van die Mediërs en die Perse, die derde die Griekse ryk, en die vierde die Romeinse ryk. Maar Daniël se vierde dier was anders – lees Dan 7:23-26. Hy het tien horings gehad wat weer 10 konings sou verteenwoordig, en daarna is daar nog een wat weer anders is. Sy regeringstyd sal gekenmerk word deur lastering teen die Allerheiligste en dit sal voortduur vir 'n periode van tyd, tye en 'n halwe tyd. En aan die einde van sy regering sal die hof sit, en sy regering vir goed beëindig word. M.a.w. hierdie vierde koninkryk begin regeer tydens die Romeinse ryk – dis ook die tyd van Jesus se eerste koms, en dit duur voort tot met die hofsitting – dit is die finale oordeel, wat saamval met Jesus se tweede koms. Hierdie tyd word beskryf as 'n tyd, tye en 'n halwe tyd.

Kom ons gaan nou terug na Op 13. Ons sien verskeie ooreenkomste tussen Daniël se vierde dier en die dier uit die see:

- In vers 1 het ons nou alreeds gelees van die godslasterlike name op die dier se koppe – dit stem ooreen met wat ons lees van die vierde dier in Daniël 7. In vers 5-6 lees ons van nog verdere detail oor die godslastering wat die dier bedryf. Hy het God self gelaster, hy het God se Naam belaster, hy het God se woonplek (letterlik tabernakel) gelaster, en hy het almal wat in die hemel is belaster.
- Die rede waarom die dier uit die see 10 horings het, en nie sewe soos die draak nie, is waarskynlik om die ooreenkoms met Daniël se vierde dier uit te lig.
- Die diere in Daniël 7, stel almal koninkryke voor. Koninkryke verwys na strukture wat mag en gesag uitoefen. In Openbaring 13:2 lees ons nou ook dat hierdie dier uit die see ook mag en gesag het – sy mag en gesag kom van die draak (d.w.s. die duiwel, satan) af. Op 13:7 sê hierdie dier het selfs gesag om teen die gelowiges oorlog te maak en hulle te oorwin. Netso lees ons in Dan 7:25 dat die vierde dier die heiliges van die Allerhoogste sal vervolg en hulle sal in sy mag oorgegee word.
- In Dan 7 word vir ons beskryf hierdie optrede sal voortduur vir 'n tyd, tye en 'n halwe tyd, en in Op 13:5 lees ons dat die gesag van hierdie dier uit die see vir 42 maande sal voortduur. Boonop het ons laasweek in Op 12:6 gelees dat die periode van 1260 dae begin met die wegruk van die Seun na die hemel – d.w.s. met Jesus se eerste koms – wat pas met bogenoemde interpretasie dat die vierde dier se regeertyd begin met die Romeinse ryk.

Volgens Op 13:3 het hierdie dier uit die see 'n dodelike wond aan sy een kop gehad, maar die wond het genees. In vers 14b lees ons meer van hierdie wond. Hier blyk dit dat die wond deur 'n slagmes veroorsaak is, en dat dit dodelik was, maar die dier het weer lewend geword. Ek moet erken ek is nie presies seker wat die presiese insident is waarna verwys word waar hierdie wond toegedien is nie. Sommige kommentare sê dat dit toegedien is tydens die stryd waarvan ons laasweek gelees het tussen Migael en sy engele en die draak en sy engele. Dit sou sekerlik kon wees – maar dan maak mens die aanname dat hierdie dier uit die see ook teenwoordig was in daardie stryd. Dit word nie pertinent gesê nie, maar is waarskynlik siende dat die draak en die dier so nou saamwerk.

Die gevolg hiervan is egter dat die mense verwonderd agter die dier aangeloop het (vers 3). Die mense is so verwonderd oor die dier wat dodelik gewond was en lewend geword het, dat hulle nie net die dier aanbid nie, maar ook die draak – siende dat hy die gesag aan die dier gegee het. Die inhoud van hulle lofprysing is: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?”.

Wie is die mense wat die dier aanbid? Lees Op 13:7b-8. Duidelik is dit mense uit elke stam, volk, taal en nasie – almal wie se name nie sedert die skepping in die boek van die lewe, oftewel die boek van

die Lam geskrywe staan nie. Duidelik is dit al die ongelowiges. Die mensdom bestaan uit twee groepe – die wie se name wel in die boek van die lewe staan, en die wat die dier en die draak aanbid. Alle mense val in een van die twee groepe.

Vergelyking van die dier uit die see met Christus

Uit hierdie verse is dit duidelik dat die dier uit die see in noue verbintenis is met die draak, terselfdertyd is dit duidelik dat hy in opstand is teen God, soos die draak. Maar dit is ook duidelik dat hy gesag het – en die gesag is aan hom gegee deur die draak. Hierdie dier is die antichris. As ons hierdie dier se beskrywing vergelyk met die beskrywing wat ons van Christus het in Openbaring (en die res van die Skrif) word dit baie duidelik hoekom hierdie dier die antichris is:

Dier uit die see, antichris	Christus
Dra 10 heerserskrone – hierdie dier beskik oor gesag wat aan hom gegee is deur die draak, maar dit is beperkte gesag.	Die Ruiters op die wit perd dra baie heerserskrone (Op 19:12). Volgens Dan 7:13-14 het die Vader aan die Seun van die Mens al die mag en gesag gegee – dit het gebeur tydens Jesus se troonsbestyging met Sy hemelvaart.
Die dier uit die see het godslasterlike name op sy koppe, en boonop sê (leer) hy godslasterlike dinge. Hy laster God, God se Naam, God se tabernakel en almal wat in die hemel is.	In Op 19:16 lees ons dat daar op die Ruiters op die wit perd, dus Jesus, se klere ook 'n Naam geskryf was: Die Koning van die konings en die Here van die heersers – weereens onderstreep dit dat Christus al die mag het. Boonop onderneem Jesus aan elkeen wat die oorwinning behaal die volgende (Op 3:12): <ul style="list-style-type: none"> • Hy sal hulle 'n pilaar in God se tempel maak (die dier laster die tabernakel) • Hy sal God se Naam op hulle skryf • Hy sal die Naam van God se stad, die nuwe Jerusalem, op hulle skryf • Hy sal Sy eie nuwe Naam op hulle skryf Die inhoud van Jesus se leer is egter Godverheerlikend (Joh 17:6-8): “Ek het U Naam bekend gemaak aan die mense wat U my uit die wêreld gegee het. Hulle het aan U behoort, en U het hulle aan My gegee, en hulle het U woord ter harte geneem. Nou weet hulle dat alles wat U My gegee het, van U kom; want die woorde wat U My gegee het, het Ek aan hulle gegee. Hulle het dit aangeneem en tot die oortuiging gekom dat Ek werklik van U gekom het, en hulle het geglo dat U My gestuur het.”
Die dier uit die see was dodelik gewond aan sy kop deur 'n slagmes, maar dit het gesond geword. Op 19:20 maak dit duidelik die herstel is bloot tydelik – eventueel gaan die dier lewend in die vuurpoel wat met swael brand, gegooi word.	Op 5:6 leer dat Jesus die Lam is wat geslag is. Op 5:12 leer die engele roep uit: “Die Lam wat geslag was, is waardig om die mag en rykdom, die wysheid en sterkte, die eer, heerlikheid en lof te ontvang.” In Op 2:8 groet Jesus die gemeente in Smirna as die Eerste en die Laaste, wat dood was en weer lewend geword het. In Op 5:13 besing die hele skepping God en die Lam as die aan wie al die lof toekom <u>tot in alle ewigheid</u> .
Die mense was verwonderd oor die dier en aanbid hom: “Wie kan met die dier vergelyk word? En wie kan teen hom oorlog voer?”	Tydens Jesus se lewe hier op aarde het die mense ook in verwondering agter hom aangeloop. Hierdie lofprysing kom God alleen toe:

	Eks 15:11 (na redding deur die Rooi See) – “Wie van die gode is soos U, Here? Wie is soos U, so hoog geëer en heilig? In lofsange word U vereer, Bewerker van wonderdade!” Ps 35:10 – My hele wese sê: “Here, wie is soos U wat die swakke bevry van die wat sterker is, die swakke en die arme van die wat hom beroof?”
Die dier uit die see voer oorlog teen die gelowiges en oorwin hulle	Die Christus voer egter ‘n stryd vir die gelowiges. Op 5:10 sê: “U het hulle ‘n koninkryk en priesters vir ons God gemaak en hulle sal oor die aarde regeer”
Die dier uit die see word aanbid deur mense uit elke stam, volk, taal en nasie. Dit is die mense wie se name nie in die boek van die lewe opgeskryf is nie.	Volgens Op 5:9 het die Lam wat geslag is deur sy bloed mense vir God losgekoop uit elke stam en taal en volk en nasie. In Op 3:5 beloof Jesus aan die gemeente van Sardis dat hy niemand wat die oorwinning behaal se naam uit die boek van die lewe sal haal nie – trouens Hy onderneem om voor Sy Vader en die engele te verklaar dat hulle aan Hom behoort.

Ek vertrou dat dit uit bogenoemde vergelyking duidelik is hoekom die dier uit die see as die antichris beskryf word. Alhoewel hy Christus naboots, werk hy nie in harmonie met Christus nie, maar juis teen Hom en teen die wat in Christus skuil. Let ook daarop dat die dier uit die see en die draak selfs die verhouding tussen Christus en die Vader naboots. In die volgende verse in Op 13 kom ons by die dier uit die aarde, en daar sal ons sien dat hierdie medewerker van die draak die Heilige Gees naboots. Wat ons dus sien in hierdie drie wesens, die draak, die dier uit die see en die dier uit die aarde, is dat hulle die Drie-Enige God naboots – maar geensins met die doel om saam met die Drie-Enige God te werk nie, veel eerder om teen God te werk.

Dieselfde Johannes wat hierdie visioen geskryf het, skryf ook in sy briewe oor die Antichris. Kom ons kyk na 1 Joh 2:18-19. Wat opvallend is, is dat Johannes die opmerking maak daar was destyds alreeds baie antichriste aan die werk. Ek glo ons moet verstaan dit is vandag steeds die geval.

Implikasies vir ons

Wat beteken dit nou vir ons? As hierdie dier uit die see ook werksaam is in ons tyd, waar moet ons hom verwag?

Uit Op 13 is dit duidelik dat hierdie dier gesag uitoefen. Ons sien dit in die 10 horings, ons sien dit in die feit dat sy beskrywing ooreenstem met Dan 7 se diere wat juis koninkryke was, en ons sien dit in die feit dat hy oorlog voer. Ons moet dus verwag om hom werksaam te vind in verskillende gesagstrukture. Verder is die aard van sy werk godslasterlik en gemik teen Christus en Sy gelowige volgelingen. Boonop het die dier menslike volgelingen wat hom aanbid, en hulle kom uit alle volke, stamme, tale en nasies. Al met al beteken dit dat ons op die uitkyk moet wees na regerings of ander gesagstrukture onder alle volke regoor die wêreld wat entoesiastiese volgelingen het en wat juis daarop fokus om Christus en Sy plan te ondergrawe.

As ons aan regerings dink, sien ons dinge soos:

- Verskeie voorbeelde van regerings wat in ons tyd Christene vervolg: Christendom is byvoorbeeld vir alle praktiese doeleindes verban in Noord Korea. Daar is verskeie Moslemlande waar dit ‘n besondere uitdaging is om ‘n Christen te wees. As jy oor China lees, vind jy heelwat inligting oor hoe die regering druk uitoefen teen Christelike gemeentes.
- Maar wat van Suid Afrika? Ons is bevoorreg dat godsdiensvryheid nog tot ‘n groot mate in Suid Afrika geld. Maar daar is aanduidings dat die regering wil inmeng in sekere sake wat dit

kan bedreig: Julle weet van aksies in die regering wat effek het op die manier waarop kinders opgevoed mag word, selfs in die Christelike ouerhuis. 'n Wyle gelede was daar sprake dat die regering meer betrokke wil raak in die religieuse sektor om beheer uit te oefen sodat kerkeleiers nie mense uitbuit nie. Dink ook aan hofuitsprake oor die kerk se beleid in sake soos homoseksualisme.

Natuurlik is dit nie beperk tot regerings nie. Dieselfde kom in maatskappye voor. Ek het op 'n stadium 'n lynhoof gehad wat groot vreugde daaruit geput het om Christene te spot. Dit kan in sportklubs, kulturele vereenigings, sosiale vereenigings, of waar ook al, voorkom waar persone in gesag God belaster en oorlog voer teen die Christene.

Wanneer ek in situasies soos hierdie kom, moet ek onthou:

- God het ons vooraf gewaarsku dit kom
- God het in Sy wysheid besluit om ons/my in hierdie situasies te plaas, met die doel om te groei en te getuig
- My naam is onuitwisbaar geskryf in die boek van die lewe
- My vervolgers se name is nie geskryf in die boek van die lewe nie – met al die implikasies wat dit inhou.